

BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

ARTHUR DAVEY, *The British Pro-Boers 1877—1902*. Tafelberg, Cape Town, 1978, 220 pp., illus., R13,00.

Dr. J.C. Otto, who may be said to have pioneered the scholarly study of the Anglo-Boer war concentration camps, was probably also the first person to attempt to provide a historical synthesis of the work of the British pro-Boers. More recently Professor Stephen Koss of Columbia University published a selection of primary material relating to the theme with a perceptive but very brief introduction while Professor D.W. Krüger has described 'die ander oorlog' — the clash of public opinion in Britain regarding the war in South Africa. Bernard Porter of Hull University has also written a chapter on the subject for a forthcoming work, *The South African War*, edited by Peter Warwick. There have been other studies which have shed light on the theme or by focusing on the wider tapestry of anti-imperialism. Professor A.M. Davey's doctoral thesis, which has now been published is, however, the first full-length work dealing specifically with the topic, and it is unquestionably the most comprehensive history of the British pro-Boers which has appeared to date.

The term 'pro-Boer' was apparently coined by the London *Daily News* in April 1896 and did not gain currency until 1899. Arthur Davey, as the title of his work indicates, has not confined his investigations to the period immediately preceding the Second Anglo-Boer war. The 'Little Englanders' are seen as being in some respects the direct forerunners of the pro-Boers — those subjects of the United Kingdom who revealed (or who were thought by their critics to have revealed) sympathy for and understanding of the Boers. It was the annexation of the South African Republic in 1877 and the war of 1880—1881 which provided the first impetus for organised protest against Britain's treatment of the white Transvaal community. It is noted that interestingly enough, Joseph Chamberlain was one of the foremost pro-Boer influences in 1881.

By 1899 the 'apostate' Chamberlain had become the embodiment of a new aggressive imperialism and the sympathy of the pro-Boers had been widened to include the Free Staters and the Cape Dutch. Davey indicates how the task of the pro-Boers in the pre-war period was rendered more difficult by the inept nature of republican propaganda — one of its ill-starred ventures was the purchase by Dr. W.J. Leyds, under an assumed name, of an interest in an obscure London weekly. A further blow to the credibility of the pro-Boers was the Transvaal ultimatum. The author suggests that a reassessment of the political implications of the Boer ultimatum is necessary.

The major part of the work is obviously concerned with the war years. Professor Davey examines criticism by various pro-Boer organisations of the Unionist government's policies and methods and their appeals for moderation and restraint; the practical acts of assistance rendered to Boer civilians; the participation of British classes and regions in the pro-Boer movement, the voice of the Cape Colony in Britain; and the repercussions of pro-Boerism on British society. The hitherto rather over-rated role of W.T. Stead is cut down to size and Leonard Courtney emerges as the foremost of the pro-Boers. Courtney's limitations are not overlooked and it is postulated that what the movement lacked was a dynamic and effective leader who could have provided direction and co-ordination. Davey considers the reasons why the pro-Boers concentrated on the treatment of whites rather than blacks in South Africa. In a reference to the imperial government's post-war attitude to black-white relations in South Africa he maintains in his concluding chapter: 'as modern writers have shown, the Liberal government was not prepared to open a fresh chapter of dispute and jeopardise reconciliation with the Boers by pressing the claims for political rights of brown and black peoples ... in the former republics.' This assessment appears to ignore the interpretation of at least one 'modern writer' — Ronald Hyam.

Although the work illuminates areas which have hitherto been obscure, it is not exhaustive. In fact on certain parts of his admittedly large canvas — the assessment of the role played by intellectuals and by men of letters, in particular, and to some extent also the role played by churches — outlines appear to have been sketched with little real brushwork. One would have liked to have seen a more detailed analysis of the effect of pro-Boerism on the 'khaki' election of 1900, although it is appreciated that this probably warrants a separate study. The attitude of the pro-Boers to the annexation of the republics has received attention, but apart from a passing reference, the timing of the proclamations of annexation and their dubious validity while the war was in progress, has not. Another issue which caused a minor furore in Britain during the war — the use of civilian 'hostages' on trains in South Africa — could have been examined or at least mentioned.

Professor Davey has a sure touch in dealing with personalities and events in his period. General P.H. Kritzinger is, however, designated 'a Cape rebel' even though a later footnote makes it clear that this commander who was born in the Cape Colony, had become a burgher of the Orange Free State before the war. It also seems to be incorrectly implied that Gideon Scheepers was a Cape rebel.

The overall conclusion of the work is that although there is a strong *prima facie* case for a negative verdict on the achievement of the pro-Boers of 1899–1902, actually their influence was more substantial than either its own agents or the Boers themselves conceived at the time.

Professor Davey has consulted and effectively used an impressively wide range of printed and manuscript sources and there can be little doubt that his fluently written history of the British pro-Boers will be the standard work on the subject for some time to come.

S. B. SPIES
University of South Africa

M. M. BOSHOFF (ed.), *French publications on South Africa. A bibliography of books and pamphlets to the year 1935*. State Library, Pretoria, 1978, 163, pp., R6,00.

De Fransen behoren tot de eerste bezoekers van Zuid-Afrika na de Portugese ontdekkers: de Normandiër B. P. de Gonville bezocht de Tafelbaai in 1503/04. Frankrijk heeft Hugenoten als kolonisten, ontdekkingsreizigers en wetenschappelijke onderzoekers, zoals Francois le Vaillant (geboren in Suriname) en Bernardin de St. Pierre, zendelingen zoals Isaac Bisseux, Eugène Casalis en Thomas Arbousset, en vrijwilligers bij de Boerencommando's in de oorlog van 1899–1902 naar Zuid-Afrika gestuurd. Aan namen en publikaties is geen gebrek. In Frankrijk heeft men altijd levendige belangstelling voor het exotische land der Hugenoten en van het rode goud gehad. Jules Verne heeft daar twee van zijn beste verhalen gesitueerd. De Anglo-Boerenoorlog in 1899–1902 heeft ook in Frankrijk vele gemoederen laten warmlopen en tot de kleurrijkste vreemde vrijwilligers bij de Boerencommando's behoren de Fransen Georges de Villebois-Mareuil en Robert de Kersauson ("Robert die Fransman"). Ook de opkomst van Zuid-Afrika als eersterangs mijnbouwland heeft veel belangstelling gewekt. Deze blijkt uit het grote aantal publikaties in het Frans, niet alleen in Frankrijk, maar ook in België en Zwitserland verschenen.

Dr. J. G. Boyazoglu, eerste Raad voor landbouwzaken bij de Zuidafrikaanse ambassade in Parijs, heeft het goede denkbeeld gekregen om een bibliografie van Franse monografieën over Zuid-Afrika met inbegrip van vertalingen uit andere talen samen te stellen. Hij heeft zijn lijst van enige honderden titels overgedragen aan de Staatsbibliotheek in Pretoria. Deze heeft ze uitgebreid tot een boek met 1031 titels, waaronder gedichten, alfabetisch volgens schrijver of redacteur gerangschikt, gevolgd door een onderwerpsindex en verlicht met zes reproducties van titelbladzijden van genoemde werken. De titels bestrijken het tijdperk van omstreeks 1600 tot 1935. Mevrouw M. M. Boshoff heeft de lijst van Dr. Boyazoglu aanzienlijk uitgebreid tot 1031 titels en enige titels beknopt toe gelicht.

Dr. Boyazoglu heeft een degelijke inleiding van 12 bladzijden in het Frans met daarnaast de Engelse vertaling geschreven en de aard van de Franse belangstelling, verdeeld over ontdekkingsreizen, dieren- en plantenwereld, mijnbouw, zending, volkenkunde en vrijheidsstrijd der Boeren, toegelicht. Hij wijst op p. xii op de verontachtzaming van Franse bronne door huidige historici in Zuid-Afrika. Ik hoop, dat de hier besproken bibliografie de belangstelling voor de Franse taal en Franse schrijvers over Zuid-Afrika in dit land zal bevorderen, want Frankrijk is vanouds een cultuurland met grote betekenis en een van de stamlanden der Afrikaners.

Op pp. xxii en xxiii wordt de Nederlandse kapitein Ram (militair attaché bij de Boerencommando's in 1900) per vergissing de Duitse kapitein Raz genoemd. Overigens bevat de bibliografie heel weinig drukfouten en is zij keurig met stevige band uitgevoerd. Zij is een aanwinst voor de bibliografie van Zuid-Afrika.

C. DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

BEN SCHOEMAN, *My Lewe in die Politiek*, Perskor, Johannesburg, 1978, 424, pp.

Suid-Afrikaanse politici, veral Afrikaners, was nog nooit oorgretig om van hul herinneringe te boek te stel nie. Aan Engelse kant het daar al heel leesbare geheuewerke die lig gesien uit die pen van o.a. Thomas Boydell, Arthur Barlow, Morris Kentridge, Leslie Blackwell en Margaret Ballinger, maar in Afrikaans is daar bloedmin. Om dié enkele rede al is dr. Ben Schoeman se lywige relaas van sy politieke herinneringe oor 'n tydperk van meer as 45 jaar te verwelkom. Maar daar is ook ander redes: hoe meer politici sy voorbeeld volg, hoe voordeliger vir die eietydse politieke geskiedenis.

Hoewel die boek vir die man op straat bedoel is, hoef die wetenskaplike fynproewer dit nie te versmaai nie, maar sal hy dit tog jammer vind dat daar geen bronneverwysings en indeks is nie. Ten spyte van heelwat taal-, stel- en stylfoute is die boek in die algemeen goed geskryf en lees dit lekker. Heel dikwels word daar raak en gevoelvol geskryf, bv. oor die laaste dae en dood van genl. J.B.M. Hertzog (p. 109) en oor die drama rondom die uitslag van die 1948-verkieping. Op hoorsê word daar vertel van iemand wat die aand iewers op straat gestap en die piep-piep van die radio by 'n huis gehoor het. Hy het aangeklop en is op versoek toegelaat om na die verkiesingsuitslae te luister — almal NP-oorwinnings. Toe die uitslag van Standerton kom met die nuus van genl. J.C. Smuts se neerlaag, spring hy op, gryp die radio met albei sy hande, skud dit en sê: "Sê dit weer, sê dit tog weer! Halleluja" (p. 146).

Soos daar in die heel eerste sin verklaar word, is "die boek geen outobiografie ... nie ... maar bloot my politieke herinneringe." En in die verhaal wat hy op sy geheue bou, speel hy 'n helderol. 'n Onpartydige, met feitekennis tot sy beskikking, sal later die held sy ware staanplek moet aandui.

Die skrywer roem daarop dat hy nooit geaarsel het om sy sê te sê nie. Of dit genl. Hertzog of wie ook al was, wanneer hy kritiek wou lewer, het hy dit op die man af gedoen. Sy raad aan andere was ewe vry en skerp. So het hy, na sy uittrede, die volgende telegram aan mnr. P.W. Botha met sy verkiesing as Premier gestuur: "Onthou net dat voortvarendheid en 'n kort humeur is nie voortrefflike eienskappe van 'n Eerste Minister nie. Waak dus daarteen" (p. 421). Hy haal telkens sy eie en andere se woorde regstreeks aan, sonder dat hy bewysplase verstrekk. Het hy volledige aantekeninge gehou van private gesprekke, onderhandelinge, toesprake, besprekings in die kousus en kabinet dat hy die woorde so presies kan weergee, of put hy uit sy geheue? 'n Mens se geheue kan jou parte speel. Een tydgenoot van dr. Schoeman het by wyse van 'n brief aan 'n koerant te kenne gegee dat die skrywer mistas oor hoe hy in bevel van die Witwatersrandse raad van die Nasionale Party gekom het.

Oor bekende sake word inligting verstrek wat reeds uit ander oorde bevestig is en steeds interessant bly. So bv. word beweer dat J.G. Strijdom, H.F. Verwoerd en C.R. Swart sterk teen die verkiesingsooreenkoms was wat dr. D.F. Malan voor die verkiesing van 1948 met N.C. Havenga van die Afrikanerparty aangegaan het. As dr. Malan nie daarmee deurgedruk het nie, sou die NP die verkiesing verloor het (pp. 126—133). Van ewe veel belang vir die oorwinnings was die toekenning van setels aan die Afrikanerparty. Daarin het dr. Schoeman, soos hy dit uiteensit, so 'n belangrike rol gespeel (pp. 134—136) dat die NP net op grond daarvan vir hom 'n monument behoort op te rig. Staatspres. John Vorster sal miskien anders hieroor oordeel, want hy is in daardie verkiesing met vier stemme deur A.E. Trollip in Brakpan geklop nadat die skrywer en dr. Verwoerd die Nasionale aangerai het om eerder buite stemming te bly as om vir 'n Ossewa-Brandwaggeneraal soos Vorster te stem. "Baie het hieraan gehoor gegee met die gevolg dat Vorster die paal nie gehaal het nie" (p. 139).

Dit is interessant om te lees dat dr. Malan vir mnr. Strijdom "letterlik verfoei" het (p. 204), vandaar dat hy Havenga as sy opvolger aangewys het. Dié uiteensetting moet egter liefs gelees word saam met H.B. Thom se ondersoek na die saak soos vervat in sy Genl. J.B.M. Hertzog-gedenklesing, VI, *Politieke Driehoek 1947—1948: Malan, Strijdom en Havenga*.

Vir die mondstukke van Nasionale Koerante het dr. Schoeman weinig liefde, indien enige. Enersyds moet dit daaruit spruit dat hy jare lank voorsitter van die direksie van Perskor was; andersyds is dit 'n manifestasie van die Noord-Suid-twis. Dat sy anti-gevoelentheid handuit ruk, blyk daaruit dat hy *Die Burger*, *Die Volksblad* en *Die Beeld* herhaaldelik beskuldig dat hulle 'n ketterjag (pp. 333, 335, 343, 346) "op sekere Nasionale Volksraadslede, kultuurleiers en Afrikanerinstellings in Transvaal begin (het), alles met die doel om die sirkulasie van die koerant op te stoot" (p. 333).

Dit is 'n stelling wat hy moeilik sal kan verantwoord in die lig van die feit dat die "ketterjag" gelei het tot die suiwering van die NP van die Hertzogiete-element. Terwyl die "ketterjag" nog aan die gang was, het dr. Schoeman die Hertzogiete telkens onder beskerming geneem deur hoog op te gee oor die eenheid onder Transvaalse Volksraadslede (o.a. pp. 342—343, 345, 348). Op die ou end moes hy egter erken: "... hulle (die Hertzogiete) het my bedrieg (p. 369). "Ek was ongelukkig so deur my vertroue in hulle integriteit verblind dat ek nie kon sien wat gebeur het nie." (p. 371)

Wat die Kleurlinge betref, sê hy dat sy standpunt "nog al die jare" was "dat ons die Kleurlinge die bondgenote van die blanke moet maak". (p. 307) Hy lewer egter geen bewys dat die ont Kiesering van die Kleurlinge waaraan hy in die vyftiger jare deel gehad het, sy hartsnare geroer het nie.

In 1967 het hy in die Kabinet standpunt teen dr. Verwoerd ingeneem oor dié se weiering om 'n All Blacks-pan met Maori's daarin in die land te ontvang. Die meerderheid van die Kabinet het dr. Verwoerd gesteun maar, vervolg dr. Schoeman: "Dit was egter geen beginselsaak nie, en dus het ek my aan die Kabinetsbesluit onderwerp" (p. 309).

Geen beginselsaak nie! Op grond waarvan was daar dan beswaar teen die toelating van Maori's? Op grond waarvan is Basil d'Oliveira en Breyten Breytenbach se vrou toegang geweier? Aan die ander kant is

die Asiërvrou van 'n Portugese minister in 1961 in die land toegelaat en was sy so sjarmant dat sy "selfs Verwoerd bekoor het" (p. 272).

Onder die heelwat feitelike onjuisthede, die volgende: die datum van die Kabinetsitting waarna op p. 214 verwys word, moet 1955 wees, nie 1957 nie; die Senaat is na 89 lede vergroot, nie 67 nie (p. 216); die Wetsontwerp op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers is in 1956 aanvaar, nie 1965 nie (p. 221); die datum op p. 233 moet 12 Feb. wees, nie 12 Jan. nie; Harold Macmillan het op 1 Feb. 1960 in die land aangekom, nie 1 Jan. nie (p. 256); deur te beweer dat J.G. Strijdom nie 'n emosionele spreker was nie, is sekerlik net so 'n rekbare stelling soos om te beweer dat dr. Malan sale leeg gepraat het en dr. Verwoerd nie (p. 288). Laastens, G.H. Calpin, saliger, skrywer van o.a. *There are no South Africans*, sou sekerlik 'n pittigheid kwytgeraak het as hy ooit moes geweet het dat sy van nog na Caplin verjoods sou word (p. 354).

Ten spyte van tekortkominge, selfs vir die man op straat, is dit 'n leesbare en nuttige boek, stewig uitgegee met 'n netjiese stofblad waarop 'n skildery-afdruk van die skrywer verskyn.

A.J. VAN WYK

Universiteit van Suid-Afrika

PAUL M. HAYES, *The Twentieth Century, 1880—1939*. Adam & Charles Black, London, 1978, 343pp. R7,05.

Hierdie sagtebandboek bevat 'n inhoudsopgawe, 'n voorwoord, bibliografie, register, drie kaarte, 'n naskrif en verwysings aan die einde van elke hoofstuk. Die werk is een in die reeks *Modern British Foreign Policy* waarvan vyf onder die hoofredakteurskap van M. Robinson verskyn het — twee deur Paul Hayes van Keble-kollege, Oxford. Hayes het andersins ook oor Vidkun Quisling en oor die fascisme gepubliseer.

Die outeur aanvaar dat die Europasentriese wêreld in 1914—1918 *vir altyd* verdwyn het. Talle veranderinge het ná hierdie waterskeidingsmoment gevolg, byna oral met ellendige gevolge. Veral Brittanje sou na 1914—1918, met 'n kunsmatige opflikkering in 1939—1945, nie weer 'n oorheersingsplek in die internasionale politiek beklee nie.

'n Mens wil-wil die indruk kry dat Hayes negatief ingestel is, dat hy vooraf 'n pessimistiese siening gehuldig het en sy materiaal dienooreenkomstig ingeklee het. Maar hy toon knap aan dat sy gevolgtrekkings en vertolkings juis op die gang van die geskiedenis self in hierdie periode van vyftig jaar gebaseer is.

Die skrywer het bevredigend bewys dat Britse buitelandse beleid oorheers en gewurg is deur interne politieke en ekonomiese eise, plus dan die Britse sowel as Westerse onvermoë om by die veranderende tydsgees aan te pas waardeur die inisiatief behou en vreemde magte — soos Russiese, Duitse en Italiaanse diktatorsfigure — teengestaan kon word. Maar miskien gaan hy te ver wanneer hy die inherente swakheid van die demokrasie meer keer die skuld daarvoor gee dat Wes-Europa/Brittanje homself nie genoegsaam kon beskerm nie.

Om die waarheid te sê, besluit Hayes: "The European states immolated themselves with little assistance from non-European powers." (p. 324). Hy haal Trotsky en Scott Fitzgerald aan om dit te onderstreep dat Wes-Europa homself aan die vernietig was deur by haas elke oorlog, ontwigting en spanning volledig betrokke te wees. Maar tegelyk het die verskillende leiers met teorieë volhard en wanbeelde geskilder ten einde die indruk van rustigheid te skep waaruit hopelik inderdaad dan later kalmte sou ontwikkel. Daar is met ander woorde die hoop gewek dat onderhandeling die vrede (in 1914 en in 1939) sou bewaar terwyl die onderhandelaars self geweet het dit is 'n vertraging van die onvermydelike: "British hopes that disarmament negotiations would prove an easy route towards conciliation of Germany were thus terminated." (p. 232. Dieselfde gedagte word op p. 233 herhaal).

Dr. Hayes het sy inligting uit baie en uit 'n verskeidenheid bronne geput; Britse, Franse, Duitse en Amerikaanse versamelings — aangevul deur persoonlike weergawes van eietydse omstandighede deur individuele leiers op verskeie terreine.

Die indeling dek telkens kort periodes wat dan diepgaande ontleed word — 1880—1885, 1885—95, 1895—1902 ('n periode wat Suid-Afrika veral geraak het), 1902—1914, 1914—1922, 1923—1933 en 1933—1939.

Aangaande Suid-Afrika verwys hy op pp. 18 en 19 na die Transvaalse *rebels* van 1880—81 en praat hy van die "imperialist yearnings of the Transvaal Republic" (1881—82). Hy herhaal dit op p. 53. Sy uitspraak dat Paul Kruger vasgesteek het teenoor Brittanje vanweë Duitse aanmoediging aan Transvaal in 1895 se jare verdien verdere naspewing. (p. 54) Engeland se vrees om met Duitsland oor Transvaal te bots, word op p. 55 kaalkop, maar baie kortliks aangestip. Op p. 78 e.v. word hierdie gedagte voortgesit. Ook Hayes

beklemtoon dit dat die Z.A.R. in 1896 en daarna vir Brittanje ekonomiese, strategiese en imperiale voordele ingehou het. Hy noem ook dat Kruger se staat, deur Hayes opvallend deurgaans slegs Transvaal genoem, in die Britse pan gehaak móés word ten einde Britse heerssug te dien, maar dat die Anglo-Boereoorlog juis Engeland in Europa as kwesbare bullebak ontmasker het.

Hoewel die werk niks nuuts bevat nie, is dit minstens 'n interessante ontleding van die Britse buitelandse beleid en probleme van die tyd wat hier as 'n eenheidsvraagstuk aangesny word.

M.J. SWART
Universiteit van Port Elizabeth

J.F. SCHWÄR & R.W. JARDINE (translator & ed.), *The Letters and Journal of Gustav Steinbart, German Military Colonist*, Volume two: *The Journal*. Universiteit van Port Elizabeth, 1978, 227 pp., hardeband R8,00, sagteband R5,00.

Die skrywer van hierdie joernaal, sersant Gustav Steinbart, was 'n Duitse militêre kolonis in Brits-Kaffraria. Dié joernaal is 'n opvolgpublikasie van Steinbart se briewe wat in 1975 gepubliseer is. (Vir resensie hieroor kyk *Historia*, Mei 1977.)

Die publikasie van die joernaal span die kroon op die toegewyde arbeid van die redakteurs, drr. Schwär en Jardine. Hulle het reeds jarelank navorsing gedoen oor die geskiedenis van die Brits-Duitse Legioen, en daarmee word nog steeds voortgegaan. Die joernaal dek 'n tydperk van een jaar en vyf maande (28 Februarie 1857 - 1 Augustus 1858) in die lewe en lotgevalle van Steinbart en die Duitse militêre koloniste.

Die eerste paar inskrywings in die joernaal (28 Februarie tot 29 Maart 1857) is geskryf in die kamp naby Oos-Londen en die kampe by Fort Grey, Fort Pato en Fort Murray. Die oorgrote deel van die joernaal (9 April 1857 tot 1 Augustus 1858) is geskryf uit Ohlsen, die Duitse nedersetting in Brits-Kaffraria. Die oorspronklike Duitse teks waarin die joernaal geskryf is, word gegee met 'n Engelse vertaling daarnaas.

Die verhaal van Steinbart is 'n menslike een. Dit is boeiend geskryf en lees lekker. Deur sy bril beleef die leser op 'n persoonlike wyse die lotgevalle van die koloniste. So word daar deur die verhaaltant 'n intieme band tussen leser en skrywer gesmee en voel die leser hom later een met die ervarings van Steinbart en sy geselskap. Steinbart het sy siening en gevoel altyd eerlik en openhartig weergegee en meegedeel. Sy blydschap toe hulle na 105 dae ter see aan wal gestap het, was groot: "The pen is not mighty enough to describe the unspeakable inner delight that overcame me at that moment and it will always remain an indelible memory" (p. 17).

Nadat hy Oos-Londen gaan verken het kort na hul aankoms, skryf hy soos volg oor dié hawedorp: "... I found nothing noteworthy. There was just a few humble houses forming a short narrow street, but because the layout lends itself naturally to the growth of a port, one can visualize its expansion and promise of future importance" (p. 19).

Steinbart is 'n noulettende en fyn waarnemer — vandaar sy pragtige landskapbeskrywings. Hy vertel onderhoudend van die gebied se flora en fauna, die klimaat, bodemgesteldheid, landboupotensiaal en natuurskoon. Hy is veral getref deur die vrugbaarheid van die grond: "There is no province of Germany to compare with this area for fertility ..." (p. 33). Geen wonder nie dat hy op bladsy 41 praat van "this paradise".

Hy gee ook heelwat besonderhede oor die Xhosa — hul lewenswyse, gebruike en uitkyk. In sy evaluering van die Swartes is hy soms baie uitgesproke: "The laziness and general apathy of this strange race cannot be easily described, and one really does not know whether to pity or detest them" (p. 23). Die Duitse koloniste het ook met die naweë van die Nasionale Selfmoord van die Xhosa te doen gekry. In dié verband meld hy: "Now mobs of ravenous natives roam the countryside. Unfortunately it often happens that corpses of these pitiable creatures are found along the roadside, sometimes close to our station. They are then buried on the spot where they had collapsed, by our own men" (p. 81).

Hy wei ook uit oor die aanpassingsprobleme en aspirasies, die frustrasies en gewaarwordinge van die nuwe setlaars in 'n verre vreemde land. Heelwat besonderhede word verstrek ook die daaglikse lewe van die soldate-koloniste, hulle wel en weë en die swaarkry, stryd en gevare van die pionierslewe. Hy vertel van hulle jagavonture, verkennings- en staptoege en hul ekspedisies die bosse in ten einde hout en riete te versamel. Daar is mooi uitbeeldings van die viering van Nuwejaarsdag en die Koningin se Verjaarsdag. Hulle tydverdrywe word ook bespreek.

Die pionierslewe in sy volle omvang, die kolonisasie van 'n nuwe gebied, die vestiging en opbou van 'n nedersetting uit die grond uit — dit alles word op 'n boeiende wyse meegedeel. Die beskawingstaak wat die Duitsers in die verlate wildernis verrig het, spreek tot elke leser. So word uitvoerig vertel van die forte, die oprigting van hul tydelike sooihutte, die toekenning van erwe en bouversele en die oprigting van nul permanente huise. Die landbou- en boubedrywighele word uitgebeeld en heelwat aandag word ook gegee aan koloniste wat gedros het, waarin veral gewys word op die redes vir so 'n stap en die geregtelike optrede teen die drosters.

Benewens die joernaal bevat die boek ook 'n voorwoord waarin vertel word van die uitgebreide navorsing wat die redakteurs onderneem het. Die inleidende hoofstuk is 'n vrye vertaling van 'n artikel wat in 1910 deur pastoor J. Fehsenfeld geskryf is. Dit handel oor die geskiedenis van die Brits-Duitse Legioen in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die distrik Stutterheim, 1857—1860.

As bylaag bevat die boek omvattende verklarende aantekeninge wat heelwat bykomende en nuttige inligting oor Brits-Kaffraria en die Duitse militêre koloniste verstrek. Daar is ook 'n twintigtal ophelderende illustrasies (foto's, sketse en dokumente). Die boek is voorsien van 'n bronneblyls en register, wat ook op volume een betrekking het.

In die geheel gesien 'n boek wat beslis die moeite werd is om aan te skaf — teen 'n baie billike prys. In die voorwoord word na Gustav Steinbart se joernaal verwys as "... a very human tale, one which deserves a wider readership than heretofore, and we hope that this account of life in Kaffraria in the mid-nineteenth century will prove of interest, not only to the student of German Settler history, but to the many descendants of these same German settlers in South Africa". Dié uitspraak kan heelhartig onderstreep word.

H.O. TERBLANCHE
Universiteit van Port Elizabeth

P.J. DE VOS, *Die Sosiale Denke van die Antieke Nabye Ooste*. Remata-Uitgewers, Pretoriak, 1978, 323, pp.; *Die Sosiale Denke van die ou Grieke en Romeine*, 220 pp.

Hierdie boek (slapband) is geredigeer en bygewerk deur J.S. Oosthuizen. Dit is nr. 69 in die Publikasie-reeks van die R.G.N. Die werk bevat 'n Voorwoord, 'n bruikbare inleiding, inhoudsopgawe met deeglike verdelings, 'n slotbeskouing, verwysings agter in die boek en 'n literatuurlys. Die geskrif hanteer maklik en maak oor die algemeen 'n goeie indruk.

Die skrywer was hooft van die departement Sosiologie en Maatskaplike Werk te Fort Hare, maar is oordele voor dat die werk voltooi kon word. Dr. J.S. Oosthuizen van die departement Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria het die geskrif toe afgehandel. Beide persone het hulle goed van 'n moeilike taak gekwy.

Die betrokke publikasie is deel een van 'n beoogde drieledige werk, maar waarvan nog slegs twee verskyn het. Die tweede een het met die Grieks-Romeinse era te doen en word hierna bespreek. Die periode oor die vroeë Christendom het, as derde band, in die slag gebly.

In die inleiding word die begrippe rondom die titel van die boek beskryf — Antieke Nabye Ooste en sosiale denke. Trouens, die werk dra 'n sterk sosiologiese eerder as 'n suiwer historiese inslag, maar die twee terreine word baie goed saam betree en benut. Die geografie van die behandelde lande word uiteengesit, die belangrikste beskawings van die gebied en tydperk uitgelig, hulle prestasies word bekyk en die kenmerke van hulle sosiale denke nagegaan.

Die lande en volke wat van nader beskou word, is Egipte, Mesopotamië en Assirië, die Hetiete, die Kanaäniete en die Israeliete. Noodwendig word by herhaling op die terrein van die Ou Testament beweeg — soos ook uit die talle aanhalings, voorbeelde en verwysings blyk.

Van groot betekenis is die eenvoudige, verstaanbare wyse waarop die inhoud benader en aangebied is. Die leestruant is ligvoets — ongeag die talle en talle datums, moeilike name, aanhalings en verwysings na skrywers. Dit is dus 'n nuttige geskrif ook om sy Afrikaans ontwil. Verder sal vakmanne, uit 'n verskeidenheid terreine, sowel as lekelui wat iets stewigs wil lees, bevredig voel nadat hulle die boek deurgegaan het. Ver al historici sal veel daarby baat as hulle die werk gewoon deurlees omdat dit nuwe gesigsveldes open waarby maklik aangesluit kan word.

Die gebruik van die woord "lords" op p. 173 is vreemd. So hier en daar word stellings of afleidings gemaak wat nie gekwalifiseer word nie. Soms kry 'n mens die indruk die geheel is haastig voltooi, bv. p. 167, laaste paragraaf. Plek-plek hinder 'n woord soos *attribute of interpretasies of pre-okkupasie*. Die woordorde is soms ook heel vreemd. Maar oor die algemeen is die benadering bevredigend. Ver al in die slotbeskouing vind ons 'n stewige opsomming en interessante riglyne.

Die tweede band, *Die Sosiale Denke Van Die Ou Grieke En Romeine*, nr. 70 in die Publikasiereeks van die RGN, word presies soos die vorige een benader, maar vanselfsprekend is die inhoud anders. Weer vind ons 'n pragtige, bruikbare inleiding, 'n hoofstuk oor die Grieke, een oor die Romeine en dan 'n leersame slotbeskouing. Hierdie is natuurlik 'n ontsaglik wye tema en daar is dan ook net geraak-raak aan fasette van die tydperke onder bespreking.

Ook in hierdie geval word na die godedom, krygsverloop, wetgewing, maatskaplike strukture, ekonomie, stede-kultuur, opvoeding, letterkunde en filosofiese standpunte gekyk. Maar weer bevat dit nie eintlik iets nuuts nie.

Die waarde lê in die samevoeging van voorbeelde ten einde 'n breë maatskaplike beeld te kan vorm. Wat verblydend is, is ook die groter mate waarin van nie-Engelse literatuur vir hierdie band gebruik gemaak is. Ons akademiëci moet bewustelik meer by die Europese bronne probeer aansluit en nie slegs of grootliks uit Amerikaans-Engelse geskrifte put nie. Ons visie word in die proses verskraal en gekanaliseer.

Beide bande behoort op die boekrak van akademiëci van watter vakrigting ookal te staan omdat die inhoud 'n breë vormingswaarde het; omdat dit insig verskaf en omdat dit intellektueel verryk.

M.J. SWART

Universiteit van Port Elizabeth

PHILIP TOBIAS (red.), *The Bushmen. San Hunters and Herders of Southern Africa*. Human & Rousseau, Cape Town and Pretoria, 1978, 206 pp., R27,50.

Hierdie gesaghebbende kollektiewe werk waarvan die bekende Philip Tobias die redakteur is, en ingelei deur 'n voorwoord van prof. Raymond Dart, ewe beroemd, is die resultaat van jarelange studie en veldwerk, trouens dit het meer as sewe jaar geneem om dit aan te bied.

Prof. Tobias begin sy voorwoord só: "This book is dedicated to the Bushmen in transition. It is an archive of the old prehistoric and historic lifeways; a record of the people today poised between a long creative past and an uncertain future; and a glimpse of the road ahead — of the Bushmen as part of Tomorrow's Men".

Die redakteur wat voorsitter van die *Kalahari Research Committee* was, het tussen 1956 en 1973 talle ekspedisies gelei na die sowat 50 000 Boesmans, wat vandag nog deur jag en voedselversameling van die veld leef. Daar bestaan ook tans by hulle 'n neiging om dié soort leefwyse op te gee en tot 'n pastorale oor te gaan.

Wanneer 'n mens daaraan dink dat in die laaste kwart van die 20ste eeu slegs nog enkele klein groepe van die mensheid die jagterversamelaar-lewenswyse volg, wat onder die aanslag van die moderne lewe besig is om snel te verander, was dit die moeite werd om hulle lewenswyse betyds in woord en beeld vas te lê. As sodanig is dit 'n belangrike *documents humaine*.

Hoewel die mens enkele miljoene jare op aarde is, was hy vir 99,5 persent van sy tyd 'n jagterversamelaar. By die nuwe tegniese-industrieel-stedelike lewenswyse, is dit gelukkig dat hy nog by die aanskouing van die Boesmans, kan terugkyk op 'n lewenswyse van miljoene jare, wat tot vertyd vervaag — sy eie vóór bestaan.

Die dertien geleerdes wat tot die boek bygedra het, het baie jare en duisende ure lank persoonlik met die Boesmans in aanraking gekom en daarby sowat 300 boeke oor hulle bestudeer. Wat tot die samestelling van die boek bygedra het, was die besef dat die laaste kwart van die 20ste eeu gaan meebring dat hierdie lewenswyse wat getuie is van twee miljoen jaar se soortgelyke bestaan, van die aardbodem gaan verdwyn.

Nie net Suid-Afrikaanse geleerdes het tot 'n sintese van kennis oor die Boesmans bygedra nie. Daar was antropoloë uit Kanada, Duitsland, Australië en die VSA wat saam met Suid-Afrikaanse geleerdes bydraes gelewer het. Ons verwys bv. na prof. Tobias se bydrae oor die evolusionêre aspek van die Boesman, Ray Inskeep wat oor die Boesman in die prehistoriese geskryf het, J. en I. Rudner wat die Boesmankuns onder die ontledings neem, en A.R. Willcox wat die Boesman in die geskiedenis behandel.

M.D.W. Jeffreys het 'n epitaaf aan die boesmans gelewer, R.B. Lee die ekologie van die huidige Boesman beskryf, terwyl R. Singer sy biologie ontleed het. Deur I. Eibesfeld kom ons te wete van hulle vroeë sosialisasie terwyl A. Traill ons meer van hulle taal meedeel. Hans Heinz vertel ons van die Boesman se elementêre bron van wetenskaplike kennis en M. Biesele lig ons in oor sy godsdiens en *folklore*. Die boek word deur J. Heinz afgesluit met 'n verduideliking van die plek van die Boesman in 'n veranderde wêreld. Alles tesame gee die boek ons 'n oorsig van wat ons van die Boesmans as bewoners van Suider-Afrika behoort te weet.

Wat die waarde van die boek verhoog is die meer as 200 foto's, kontemporêr en histories, en talle diagramme. Dit bring mee dat dit die volledigste beeld-rekord is wat ons in een band tot op datum het. Afbeeldings van werktuie, gebruiksvorwerpe, wapens en Boesman-kuns bring hulle vervloë en huidige lewe lewendig in ons midde. Dit is 'n antropologiese werk van hoë wetenskaplike gehalte wat van ondernemings-gees, geduld en 'n drang na kennis getuig. Daarmee is Suid-Afrika en die wêreld 'n groot diens bewys. Dit sal vir baie jare dié standaardwerk oor die Boesmans bly. Belangstellendes vind 'n volledige bibliografie, en 'n register vergemaklik naslaanwerk.

F.A. VAN JAARVELD
Universiteit van Pretoria

J.R. BRUIJN, *Het gelag der zeelieden*, Rede uitgesproken bij de aanvaarding van het ambt van gewoon lector in de zee-geschiedenis aan de Rijksuniversiteit te Leiden op 3 Februari 1978. Universitaire Pers, Leiden, 1978, 23 pp.

De sociale geskiedenis van die Nederlandse zeeman heeft lange tijd weinig aandacht gekregen. Voor de beroepshistoricus was zijn probleemrijk leven te ver en te vreemd. Een historicus als Dr. J. de Hullu, die diep in het leven van de zeeman in de 17de en 18de eeuw is gedoken, is een uitzondering. Merendeels journalisten en toevallige belangstellenden hebben over de zeeman geschreven, bijvoorbeeld M.J. Brusse, *Van af- tot aanmonsteren* in 1899.

Sinds een kwart eeuw maakt de sociale geskiedenis echter grote opgang, ook van de zeemansstand. *De Maritieme geschiedenis der Nederlanden* (1976—78) besteedt dan ook heel wat aandacht aan de sociale problemen van de zeeman. Dr. J.R. Bruijn heeft zijn intrede aan dat onderwerp gewijd. Hij impliceert met de titel daarvan, dat de zeeman meestal het gelag moest betalen, d.w.z. aan het kortste end trok. Zijn intrede is een van die, welke niet vergeten dienen te worden.

Hij beschrijft in bijzonderheden de bedrijvigheden der logementhouders, aanbrengrers, transportkopers, zielverkopers (d.z. ceelverkopers) en kat-en-honden, dat waren de verschillende soorten lieden die het lot van de zeeman aan de wal bestierden ten behoeve van de geotrooieerde compagnieën (de VOC in de 17de en 18de eeuw), de marine (19de eeuw) en de koopvaardij. Ook walvisvaarders uit het buitenland hadden de diensten van deze lieden ten dele nodig (zie p. 4). J. ter Gouw, die het dagboek van Bicker Raije gebruikte, vertelt in *De Oude Tijd* (Haarlem, 1871) humoristisch over de heibel, welke Denen, Jutten en Noren — merendeels walvisvaarders — in 1754 aan de Zeedijk maakten. Bruijn gaat ook in op de zeemans-tehuizen, hun voor- en nadelen.

Hij verwijst in zijn noten ook naar buitenlandse werken over de zeeman. Als aanvulling wijs ik op de degelijke hoofdstukken, welke Elmo P. Hohman heeft gewijd aan af- en aanmonsteren van walvisvaarders in zijn boek *The American whalerman* (New York 1928), dat nog niet is vervangen en daarom in 1972 ongewijzigd herdrukt is.

C. DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

H. TOERIEN & G. DUBY, *Ons Kuns 3*; Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie, Pretoria, 1978, 160 pp., illus., R5,00.

Hierdie boek bevat 'n oorsig van die lewe en werk van twintig Suid-Afrikaanse kunstenaars. Almal behoort tot die modernes, party tot die jongeres. Die keuse van die kunstenaars is bevredigend alhoewel daar geen voorwoord is waaruit blyk waarom die oog juis op hierdie twintig geval het nie. Enige ander twintigtal sou net so welkom gewees het. Daar is gelukkig aandag gegee aan grafiese kuns en selfs toegepaste kuns, nl. keramiek.

Die inhoud van die verskillende hoofstukke is helaas baie ongelyk in kwaliteit. Party is geskryf deur landswyd bekende deskundiges met 'n wetenskaplike agtergrond en benadering. Ander is toevertrou aan belangstellende amateurs, wat partymaal terugval op onduidelike kuns-jargon. Hierdie onewewigtigheid is ook merkbaar by die redaksie van die afsonderlike hoofstukke en dit lyk asof onvoldoende handleiding vir die skrywers beskikbaar was. Party hoofstukke is uitstekend gedokumenteer met 'n bronnelys, 'n oorsig van die belangrikste opdragte en uitstallings en 'n lys van afbeeldings met die eenaars. By ander vind ons niks hiervan nie en moet die leser dit gebruik sonder enige aanduiding van waar hy hom verder in die onderwerp sou kon verdiep. Party skrywers laat die kunstenaars self aan die woord, ander beperk hulle tot

hul eie insig. Die lengte en die aantal afbeeldings is hoegenaamd geen aanduiding van die meerdere of mindere belangrikheid van die betrokke kunstenaars in vergelyking met die ander nie. Daar is ook geen bekendstelling van die skrywers of 'n indeks nie.

Net soos sy voorgangers in die reeks is die boek beskikbaar in altwee tale: *Ons Kuns en Our Art*. Die vertaling van die hoofstukke is besonder bevredigend en dis duidelik dat veel sorg bestee is aan juiste gebruik van die vakterminologie in albei tale. Daar is een onvergeeflike fout, nl. die woord "waterkleur" (bl. 111) en ek hoop nie dat dit aanleiding gaan word dat die woord algemeen ingang vind nie. In dié verband behoort in elke boek 'n erratum aangebring te word.

Ook in hierdie derde deel word uitgegaan van die afsonderlike kunstenaar. Dit het die voordeel dat die kunstenaar en sy werk oorsigtelik bespreek kan word. 'n Nadeel is dat 'n kunstenaar wat reeds bespreek is, nie weer ter sprake kom nie, alhoewel sy werk inniddels totaal verander het. Veral skoliere behoort hierop attent gemaak te word. 'n Ander benadering, wat oorsee gebruik word, is om telkens van een afsonderlike kunswerk uit te gaan en dit uitvoerig te bespreek met verwysing na die betrokke kunstenaar. Dit maak die veld wyer, maar oorsigtelikheid moet hierdeur dikwels inboet.

Afgesien van sommige tekortkominge wat genoem is, is hierdie derde deel van *Ons Kuns* baie welkom. My grootste beswaar is dat dit 15 jaar op hom laat wag het en dit is wenslik dat die dele mekaar na korter tyd opvolg. In 'n volgende deel kan miskien ook aandag gegee word aan ander uitings van toegepaste kuns, soos glas en weefkuns. Die waarde van hierdie reeks vir onderwysdoeleindes kan nie onderskat word nie. Die uitgawe van hierdie derde deel in boekvorm in plaas van los blaaië wat saamgesnoer moet word, verdien alle aanbeveling. Hierdie deel lyk netjies en is goed ingebind.

Soos verwag kon word is ook nou weer die afbeeldings opmerklik goed. Hulle is duidelik en sluit nou aan by die teks, alhoewel hulle afsonderlik ook 'n baie goeie indruk van die kunstenaar se werk gee. Heelwat afgebeelde werke bevind hulle in privaatbesit, sodat hier 'n mooi geleentheid is om met hulle kennis te maak. Daar is egter genoeg ander uit amptelike versamelings waar skoliere en die breë publiek hulle nader kan bekijk.

Hierdie nuwe deel van *Ons Kuns* sal sekerlik sy plek vind in publieke en skoolbiblioteke, terwyl ook die universiteite en museums 'n dankbare gebruik daarvan sal maak. Elkeen wat by die kuns van ons land betrokke is of daarvoor belangstelling het, sal ongetwyfeld 'n eksemplaar van die boek wil hê. Vir die lae prys is dit 'n besonder goeie koop. Laat ons hoop dat die vierde deel nie so lank op hom sal laat wag nie.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

F.R. BRADLOW & M. CAIRNS, *The Early Cape Muslims*. A.A. Balkema, Cape Town, 1978, 138 pp., illus., R9,00.

Dit is nie 'n geskiedneis van die vroegste Moslemse samelewing in die Kaap nie. Daar word intendeel slegs op enkele aspekte van hierdie groep ingegaan: die koms en verspreiding van slawe, politieke bannelinge, die groei van die groep, en die samestelling daarvan.

Die saambindende faktor in die gemeenskap was die moskee. Dr. Bradlow het aan die hand van beskikbare getuïenisse van reisigers en amptenare tot die gevolgtrekking gekom dat die Auwal-moskee in Dorpstraat die oudste moskee is. Dit bestaan vandag nog. Die eerste moskee met 'n koepel en 'n minaret is dié in Gracestraat. Die Kaapse Moslems het tydens die eerste Britse Besetting godsdienstvryheid bekom, terwyl kommissaris De Mist dit bevestig het op voorwaarde dat vir elke kerkgebou vooraf toestemming van die regering vereis was. Dit was nie maklik om hierdie oudste geboue vas te stel nie, deurdat vroeër nouliks onderskeid gemaak is tussen 'n huis van gebed en 'n moskee.

Vervolgens is 'n eerste poging aangewend om 'n genealogie saam te stel. In Suid-Afrika is dit in elke geval moeilik omdat voor 1895 geen geboorte-registrasie noodsaaklik was nie en daar slegs doopsertifikate beskikbaar was. Wat die Maleise groepe betref word sulke navorsing nog moeiliker en veelal kon slegs afgegaan word op mondelinge gegewens, wat met ander beskikbare gegewens vergelyk moes word. Hierby was testamente van groot hulp. Daarby is die naam van een persoon dikwels op baie uiteenlopende wyses gespeel. Desondanks is grotendeels daarin geslaag om 'n genealogie op te stel van die Gamja-familie, wat vir vyf geslagte as priesters van die Auwal-moskee gedien het.

In 'n derde hoofstuk is getrag om die oorsprong van die Moslemgroep na te gaan. Slawe het uit Afrika, Madagaskar en die Verre Ooste gekom. Hulle is dikwels genoem na die plek van herkoms. Die Afrikaanse slawe was deels Neger, deels Bantoe; die bevolking van die eilande in die Indiese Oseaan was gemeng; uit die Ooste het Indiërs o.a. uit Bengale en van Ceylon gekom en Maleiers uit die gebied wat vandag as Indonesië bekend staan. Menigeen het uit die Ooste met sy eienaar saam gekom en is aan die Kaap verkoop,

omdat in Holland geen slawerny toegelaat is nie. Veel van hulle was uitstekende vak-manne: bouers, silwersmede, meubelmakers en het as sodanig 'n groot invloed uitgeoefen. Skilderye gee 'n kyk op hul daaglikse lewe en dikwels kleurryke kleding.

In sommige gevalle word meer persoonlike gegewens wat beskikbaar was, gegee: merkwaardige figure soos Frans van Bengale, en Saartjie van de Kaap, wat 'n huis en erf belas het met 'n servituut wat bepaal het dat dit altyd vir godsdienstige doeleindes beskikbaar moet bly. Die plek is vandag nog in haar naam geregistreer.

Ook word 'n eerste blik geslaan op die verhouding in getalle tussen blankes en slawe aan die Kaap en die aanwas van die groepe, ook nadat slawehandel in 1808 verbied is en slawerny in 1834 afgeskaf is.

Veel gegewens in hierdie boek berus op die belangrike werk van dr. A.J. Böeseken oor slawe en vryswartes in die Kaap in die 17de eeu, en op die navorsingswyer van Margaret Cairns. Tereg wys dr. Bradlow daarop dat hier 'n onderwerp ter sprake is waarvan voorlopig veel gevolgtrekkings berus op afleiding en nie op vaste feite nie. Dit op sigself is 'n aanduiding van hoe wyd die veld eintlik is!

By die lees van hierdie boek ontstaan baie vrae. Dr. O. Geysler het in sy studie van die Ou Hooggeregshofgebou (1958) beskryf hoe die slawe in diens van die V.O.C. geleef het. Hieruit volg die vraag hoe die lewensomstandighede was van slawe in diens van privaatpersone en op die platteland, wat die voorwaardes van manumissio was en hoe die toestande aan die Kaap vergelyk het met dié in die Amerikas, maar ook in die Ooste en die slawehandel self in verskillende dele van die wêreld.

Dit is 'n baie belangrike boek wat op uitsonderlike wye navorsing gegrond is. Hierdie navorsing sowel as die gevolgde metodes en die werkverdeling van die skrywers word noukeurig aan die leser verduidelik en is toegelig met 'n groot aantal tabelle. Bowendien word telkens aangestip waar verdere navorsing en studie noodsaaklik is. Dit laat ons besef hoe wyd die veld en hoe beperk ons kennis van die onderwerp eintlik nog is, 'n onderwerp wat juis vandag daaglik in belangrikheid toeneem. Daar is 'n uitvoerige bronnelys en indeks. Laat ons daarop vertrou dat hierdie boek 'n aanmoediging is wat deur veelvuldige verder navorsing opgevolg sal word.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

P.B. VAN DER WATT, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. N.G. Kerkboekhandel, Pretoria. Deel 1: 1652—1824, 1976, 87 pp., R3,20. Deel 2: 1834—1866, 1977, 138 pp., R4,35.

Daar bestaan lank reeds 'n behoefte aan 'n oorsigtelike werk oor die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk. Die bestaande werke is byna almal uit druk en in elk geval verouderd. Prof. P.B. van der Watt wat sedert 1975 hoogleraar in Kerkgeskiedenis aan die Teologiese Fakulteit van die Ned. Geref. Kerk aan die Universiteit van Pretoria is, het nou met die verskyning van die eerste twee boeke van 'n beplande tetralogie in hierdie behoefte voorsien.

Hy het 'n tweërlei leserskring in die oog: studente (en sekerlik predikante) en belangstellendes wat graag iets van die geskiedenis van die N.G. Kerk wil weet. Die skrywer het voetnotas tot 'n minimum beperk en sitate uit die oorspronklike dokumente hoofsaaklik tot enkele karakteristieke uitdrukkings beperk. Hoewel die werk dus in 'n sekere mate in 'n "populêre" vorm aangebied word, getuig dit egter van deeglike navorsing. Die vakhistorikus wat met die verskillende vraagstukke t.o.v. interpretasie bekend is, is gedurig bewus van die feit dat die skrywer deeglik kennis geneem het van die verskillende standpunte en interpretasies voordat hy sy standpunt geformuleer het.

Die eerste boek beskrywe die tydperk 1652—1824. Die keuse van die datum 1824 (die organisasie van die eerste selfstandige sinodale verband) is goed verantwoord want daarmee het die kerk 'n nuwe tydperk betree. Die werk word in vyf hoofstukke verdeel en die indeling is geslaagd omdat dit die geskiedenis van die kerk besien vanuit die gesigpunt van die kerk self nl. agtereenvolgens die vestiging, uitbreiding, kerkregtelike ontwikkeling, werksaamhede en toestand van die Ned. Geref. Kerk.

So word vir ons beskrywe die vestiging van die N.G. Kerk, die kolonisasie aan die Kaap, die vroeë kerklike organisasie en kerklike verbintenisse met die moederland. Ons sien ook in die geestesoog hoe die kerk uitbrei, nuwe gemeentes gestig word, die Hugenote hier aankom en soos wat die trekkers landinwaarts beweeg ook gemeentes gestig word, hoewel daar teen 1745 slegs vyf gemeentes was, aan die einde van die agtiende eeu slegs sewe en in 1824 toe die eerste sinode byeenkom, veertien.

Die kerkregtelike ontwikkeling van die N.G. Kerk word in hoofstuk 3 behandel. Die strewe na 'n eie kerkverband, die "Gecombineerde Kerckvergadering" en die verwesenliking van 'n kerkverband met die

eerste sinode in 1824 word geskets. Skrywer gaan ook breedvoerig in op die kwessie watter kerkorde aan die Kaap gegeld het en kom tot die gevolgtrekking dat dit die Dordtse kerkorde was. Verder word die verskillende werksaamhede van die kerk nl. sending, barmhartigheidswerk en onderwys ook behandel, asook die verhouding van die N.G. Kerk tot die owerheid en ander kerke (Lutherse).

Die tematiese indeling bring egter mee dat sekere feite herhaal word bv. die kwessie oor die kerkorde op p. 8—10 en dan weer uitvoerig op p. 42—5. In die afdeling wat handel oor die onderwys word die skole vanaf die sieketroosters tot 1824 behandel en net daarna die kategetiese onderrig vanaf die sieketroosters tot 1824. Dit bring heelwat herhaling van stof mee maar dit is onvermydelik.

Daar is min voetnote wat telkens aangewend word om interessante gegewens of verduidelikinge te gee, o.a. die eerste drie Afrikaaner-predikante (p. 25), die opspoor van die notule van die Gekombineerde vergadering (p. 35), die benaming van die kerk (p. 42), ens.

Aan die einde van elke hoofstuk word 'n literatuurlys aangebied. In die verband sou 'n mens Hanekom se biografie oor Van Lier en M.C. Vos se werk reeds aan die einde van hoofstuk 4 verwag waar hulle bydrae t.o.v. die sending breedvoerig bespreek word. Genoemde werke word egter eers aan die einde van hfst. 5 gegee na aanleiding van 'n korter bespreking oor hulle rol t.o.v. die prediking. Die proefskrif van N.J. Smith (p. 64) is gepubliseer in die reeks *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, vol. 34, Serie B, no. 2 (1973). Die boeke van P. Hinchliff, *The Church in South Africa* (Afrikaanse vertaling *Die Kerk in Suid-Afrika*) kon op p. 87 ook genoem gewees het.

Die boek is tegnies mooi en netjies versorg en ek het slegs ses drukfoute getel. Die woord *quiëtisme* (p. 82) kon miskien verduidelik gewees het veral terwyl die woord *konventikels* op dieselfde bladsy wel verduidelik is.

In die tweede boek, 1834—1866, kom die meer omstrede gebeure in die Transvaal aan die orde. Die datum 1834 wil maar net die begin van die geskiedenis buite die Kaapkolonie, die begin van die Groot Trek aandui, terwyl 1866 'n goeie keuse is, nl. die sinode van die N.G. Kerk in Transvaal. Die vyf hoofstukke is onderverdeel in kerklike migrasie, vestiging, verskeurdheid, selfstandigheid en lewe in die Transgariëp.

Die houding van die Kaapse Kerk teenoor die Groot Trek word krities bespreek en geëvalueer aan die hand van uitsprake van leraars, die sinodebesluit en optrede van die ring. Duidelik word aangetoon dat die Voortrekkers geensins met die kerk wou breek en 'n nuwe kerk stig nie, ten spyte van die onsimpatieke houding van die kerk.

Daarna kom die kerklike vestiging in die Transgariëp aan die orde. Die eerste reëlings en uiteindelijke organisasie van die gemeentelike lewe word geskets en die skrywer beklemtoon dat territoriale en politieke omstandighede nie die innerlike eenheid en daaruit voortkomende organisatoriese verbondenheid van die N.G. Kerk in die Kaapkolonie met bv. die gemeentes in die Vrystaat verbreek het nie. Daar word ook gewys op die veranderde houding by die Kaapse Kerk wat later tog 'n hele paar deputasies na die trekkers gestuur het en die Transvaalse gemeentes se versoek om inlywing by die Kaapse sinode kom ook aan die orde.

Hoofstuk 3 handel oor die kerklike verskeurdheid in die Transvaal. Die redes wat die Transvalers aangevoer het vir hul weiering om by die Kaapse sinode ingelyf te word nadat hulle aanvanklik daarom gevra het, word deur die skrywer ongegrond gevind. Die resultaat was dat daar in 1853 'n afsonderlike sinode van die N.G. Kerk in Transvaal tot stand gekom het. Skrywer beklemtoon dat dit 'n aparte sinode en nie 'n aparte kerk was nie. Terwyl die Transvalers in 1853 verklaar het dat hulle hul nie afsny of afskei van die ou moederkerk nie, besluit hulle in September 1861 dat hulle voortaan as suster van die Kaap beskou wil word. Hierdeur het afskeiding 'n voldonge feit geword en ontstaan 'n nuwe kerk in Tvl. nl. die Ned. Herv. Kerk. Die naam van die kerk het via die grondwet van die Z.A.R. ingesluit. Skrywer wys ook op die groepies en gemeentes wat ontevrede was met die besluit van 1853 en wel verband met die Kaapse sinode gehandhaaf het.

Die stigting van die Gereformeerde Kerk word ook in hierdie hoofstuk behandel. Die ontevredenheid oor die gesange onder die inwoners in die grensdistrikte word geskets. Skrywer wys op die ontakvolle optrede van veral ds. Reid (Colesberg), die ring wat nie die wenslikheid van die gesange wou ondersoek of aan die Skrif toets nie en hul herderlike brief wat die saak net meer vertroebel het. Hoewel daar gedurende die Groot Trek nie eintlik besware teen gesange verneem is nie, duik die kwessie sedert 1853 telkens in kerkvergaderinge in Transvaal op en bereik dit breekpunt met die koms van ds. Postma en loop uit op die stigting van die Gereformeerde Kerk in 1859. Skrywer se gevolgtrekking is dat hoewel daar later aan die gesange 'n mindere plek toegeken is, die gesangekwessie tog een van die vernaamste faktore vir die afskeiding en stigting van die Geref. Kerk was. Vergeefse pogings tot kerkherstel en geskille oor die belydenis en kerknaam word ten slotte in hierdie hoofstuk behandel. Ten opsigte van die naamkwessie stel die skrywer dit dat die benaming "Hervormd" in Transvaal niks te doen het met die gebruik van die woord in die Kaapse Kerk voor 1842 nie. Eers in 1855 word dit amptelik gebruik in Transvaal (deur die staat en nie deur die

kerk self nie) en dit is te danke aan Nederlanders wat in die republiek kom werk het en weldra word dit die aanduiding van 'n nuwe kerk.

Die totstandkoming van die Ring van die Transgariëp, die verbreking van die een kerkverband na die bekende Loedolff-saak (die onderwerp van die skrywer se proefskrif) en die totstandkoming van afsonderlike sinodes (O.V.S. 1864, Natal 1865 en Transvaal 1866) asook die werksaamhede t.o.v. sendingwerk, armsorg, onderwys en die verhouding tot ander kerke word ten slotte behandel.

Die boek is saaklik geskrywe, objektief en hoewel die leser weet dat die skrywer 'n lidmaat van die N.G. Kerk is, het hy nie die skerp puntjies van die gebeure in Transvaal gaan uitsoek nie. Hy kritiseer sy eie kerk dikwels bv. die Kaapse sinode en die Groot Trek en die hele hantering van die ontvreedenheid oor die gesange. Sy weergawe van die gebeure in Transvaal is goed verantwoord en 'n goeie basis vir verdere gesprek.

Tegnies is die boek goed versorg met min drukfoute. Aan die einde van elke hoofstuk is daar 'n literatuurlys. Op p. 66 sou mens kon verwag dat E.W. Smith se biografie van Daniel Lindley opgeneem sou word veral omdat die biografie van Erasmus Smit wel daar verskyn.

Die twee boeke bied 'n betroubare gids aan die leser, die skrywer se styl vloei en die boek lees maklik en sy opvatting is gebalanseerd. Die werk is goed beplan en die skrywer slaag in die doel wat hy hom voor oë gestel het. Ten slotte vind ek dit baie jammer dat daar nie 'n register is nie, en in 'n tweede druk (wat ek hoop gou nodig sal wees) hoop ek dat die byvoeging van 'n register ernstig oorweeg sal word.

C.F.A. BORCHARDT
Universiteit van Pretoria

A.P. CARTWRIGHT & NAT COWAN, *The Old Transvaal 1834—1899*. Purnell, Johannesburg-Cape Town, 1978, Vit 154 pp., R15,00.

Hierdie boek het tot stand gekom deur die samewerking van 'n bekende historikus, A.P. Cartwright, en 'n vooraanstaande deskundige op die gebied van die fotografie, N. Cowan, direkteur van die Bensusan Museum vir Fotografie in Johannesburg. Die resultaat beantwoord in alle opsigte aan die verwagtings van so 'n gesamentlike werk gekoester kan word. In 'n oorsig van die vroegste fotografiese tegnieke word die moeilikhede verduidelik wat hul voorgedoen het met die nat fotografiese proses. Die droë plaat was baie meer hanteerbaar in die binneland van Suidelike Afrika. Taamlik vroeg het professionele fotografe hulle in Zeerust, Potchefstroom en Pretoria gevestig. Die Switser, H.F. Gros, staan onder hulle bo-aan. Ander het die land deurreis.

Deur middel van hierdie foto's word ons vandag 'n blik vergun op die vroeë lewe op die veld: die weinig romantiese Groot Trek met sy harde werklikheid en die gedurige stof, veral in die droë winter. Hierop volg die vroegste dae van die Transvaalse Republiek. Ons maak kennis met die begin van Pretoria, Pietersburg en Lydenburg en die stryd tussen die Boere en Swartes. Daar is portrette van Shepstone, Sekukuni, Cetshwayo, Bartle Frere en Wolseley. Al spoedig kom daar foto's van myne in die oostelike Transvaal, die Eerste Anneksasie van die Transvaal, die Eerste Vryheidsoorlog, Majoeba en die vredesonderhandelinge. Daar volg 'n nuwe land en 'n nuwe tyd: die goudmynbedryf op die Rand, aanleg van die spoorweë en begin van industrië en die modernisering van die land.

Namate die geskiedenis aangaan, word die foto's veelvuldiger. Daar is meer gemaak en hulle is beter bewaar. Die foto's het 'n belangrike rol gespeel vir die illustrasie van tydskrifte soos die *Graphic* en die *Illustrated London News*, waar hulle as voorbeelde vir lyntekeninge gedien het wat vervolgens in hierdie tydskrifte opgeneem is.

Die keuse van die foto's deur Cowan is baie sorgvuldig. Cowan het sy lewe bestee aan die versamel van ou foto's van die Transvaal. Sommige is nog nie vroeër gepubliseer nie. Hulle is aangevul met tekeninge.

Die teks is ter sake en baie objektief. Gebeurtenisse word van verskillende kante belig. Nogtans lyk dit of Cartwright geen groot bewonderaar is van die 19de eeuse Perfide Albion se politiek in die Suid-Afrikaanse Republiek nie. Hy kon ook nie nalaat om uitvoeriger in te gaan op die ommeswaai van Gladstone nadat hy die bewind in die hande gekry het nie. Die aandeel van handelsbelange by die Anneksasie word egter stilswyend verbygegaan. Ons verneem egter heelwat oor die rol van die vier staatspresidente en die moeilikhede wat veroorsaak is deur die groot afstande en die stadigheid van die beskikbare vervoermiddele.

Wat in hierdie boek veral tref en wat dit tegelykertyd so aantreklik maak, is die pragtige ewewig tussen die teks en die foto's. Die neutrale wat 'n foto deurgaans het, word weerspieël in die teks wat pragtig daarby

aansluit. Seld kry mens so 'n unieke geleentheid van 'n beeld van die historiese en sosiale lewe en gebeurtenisse in die Transvaal as juis in hierdie boek. Helaas is daar geen indeks nie.

Hier is baie waardevolle werk verrig. Laat ons hoop dat dit nie hierby gaan bly nie en die boek die eerste van 'n reeks gaan word van soortgelyke publikasies oor ander periodes en streke in ons land. Tegelykertyd is die boek 'n aanmoediging om die ou foto's wat so baie families nog in hul besit het, weer 'n slag deur te kyk.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

G.B. DICKASON, *Cornish Immigrants to South Africa, 1820—1920*. A.A. Balkema, Cape Town, 1978, x + 122 pp., illus., R12,50.

Deur die eeue was die mynindustrie die belangrikste bedryf in Cornwallis: tin, koper, wit porseleinklei en later leiklip. Die bevolking het hiervan 'n wye tradisionele kennis opgebou en ook bykomende uitvindings gedoen: die eerste stoommasjien is in Cornwallis in gebruik geneem. Teen die helfte van die vorige eeu het baie myne egter uitgeput begin raak en moes 170 000 mense elders 'n heenkome soek.

Suid-Afrika was in Cornwallis nie onbekend nie. Van die 1820-Setlaars was uit hierdie streek afkomstig. In 1685 het Simon van der Stel koper in Namakwaland aangetref. Maar eers in die 18de eeu het die belangstelling vir hierdie mineraal aldaar begin. Vervoer was die groot probleem en dit was 'n deurslaggewende belemmering in die bewerking daarvan. Sels in die middel van die 19de eeu, toe die Springbokmyn en die Concordiamyn begin werk het, het vervoer die probleem gebly. Hierdie myne het 'n aantal immigrante uit Cornwallis getrek. Die werk was hard, maar die klimaat en omstandighede was 'n paradys in vergelyking met Engeland.

Later het ook die diamantbedryf in Kimberley by die bevolking in Cornwallis groot belangstelling gewek. Hulle was egter geen vlugtige fortuinsoekers nie, maar het na Suid-Afrika gekom om te bly. Hierop volg die goudmyne in Oos-Transvaal en later op die Witwatersrand.

Die skrywer gaan uitvoerig in op die agtergrond van die verskillende Suid-Afrikaanse mynontwikkelings en dui vervolgens aan waaruit die aandeel van immigrante uit Cornwallis daarin bestaan het. Hieruit kan onmiddellik afgelei word dat hierdie invloed allermins tot die mynbedryf beperk was. Voor alles was daar egter hulle tegniese en praktiese kennis van die mynontwikkeling, soos dit aan die Camborne-mynskool en deur die praktyk in Cornwallis geleer is. Dit word aangevul met 'n hele aantal bykomende bedrywe: rytuigmakery, stoffeerdery, kosproduksie, versekering, e.d.m., waarby hierdie immigrante 'n belangrike rol gespeel het.

Op kulturele gebied was daar merkwaardige invloede. Daar was die groot liefde vir sang, wat in 1897 selfs Fanny Moody-Manners na Suid-Afrika laat kom het, tradisionele nuwejaarsetes, taal-uitdrukkings, die piekniekgewoonte, onderwys en sport. Sekere bygelowe en volksgebruike uit Cornwallis is vandag algemeen in Suid-Afrika. Cornwallis word ook veelvuldig weerspieël in straatname, monumente en geboue.

Daar is baie vooraanstaande en bekende persone in ons geskiedenis wat oorspronklik uit Cornwallis kom: Emily Hobhouse, biskop Colenso, John Pascoe, die eerste verteenwoordiger van die Heilsleër in Rhodesië, Fanny Bees, vrou van Barney Barnato en die Stuttaford-familie. Die skrywer het 'n so volledig moontlike lys van immigrante van 1820 tot 1920 uit Cornwallis opgestel, wat baie sorgvuldig gegronde is op grafstene, briewe, lidmaatskap van die Cornwallis-vereniging, en ander bronne. Dit is inderdaad 'n indrukwekkende lys, selfs al is dit noodwendig onvolledig.

Dit blyk nou ook dat immigrante uit Cornwallis oor die algemeen 'n kalmerende invloed uitgeoefen het in die vroegste mynkampe. In teenstelling met wat nog algemeen vermoed is, het hulle 'n baie onbelangrike rol vervul in die Tweede Vryheidsoorlog. Wel is dit opvallend dat die Cornwallis-vereniging deur die jare 'n moeilike bestaan gehad het. Die redes was dat die mense opmerklik vinnig in die plaaslike bevolking opgegaan het en gevolglik aan so 'n vereniging geen behoefte gehad het nie.

Die boek bevat 'n aantal illustrasies uit Cornwallis, vroeë Suid-Afrika en portrette. Daar is 'n uitstekende bronnelys, waarin ook titels van baie onlangse boeke voorkom. Helaas is nie alle titels, waarna in die teks verwys word, ook in die bronnelys opgeneem nie. Daar is 'n goeie indeks.

Dit is deel 25 in die reeks Suid-Afrikaanse biografiese en historiese studies, waarvan die eerste deel tien jaar gelede verskyn het. Die reeks omvat 'n klein aantal herdrukke van boeke wat lankal uit druk is, en veral studies oor aspekte van ons geskiedenis waarop in bestaande publikasies nie in besonderhede ingegaan kan word nie. Hieronder val reisbeskrywings, immigrasie-ondernemings, die invloed van verskillende

immigrantegroep uit Europa en wederwaardighede van sendelinge. Juis hierdie sykante is dikwels so belangrik vir 'n dieper insig in die agtergrond van ons geskiedenis. Laat ons hoop dat die reeks nog vir baie jare voortgesit sal word.

F.G.E. NILANT
Universiteit van Pretoria

J.C. MOLL (red.), *F.W. Reitz — outobiografie*; C.J.S.C. BURGER (red.), *Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte*, Tafelberg, Kaapstad, 1978, 118 + 194 pp., illus., R15,00.

F.W. Reitz het nie 'n dramatiese politieke rol in die vorige eeu gespeel nie; daarom bevind hy hom tans nog in die skadu van uitstaande figure soos M.T. Steyn en Paul Kruger. Hy was in 'n sekere sin 'n randfiguur wat belangrike gebeurde meegemaak, maar selde 'n deurslaggewende aandeel daaraan gehad het. Tog was sy lewe veel meer geskakeerd as dié van Kruger en Steyn, en het hy hom ook as kultuurleier onderskei. As hy dan vandag nie langer 'n bekende figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is nie, word hy nog onthou as die direkte voorloper van die Eerste Taalbeweging en die eerste bloemleser van die Afrikaanse letterkunde.

Juis omdat Reitz so veelsydig geleef het, behoort sy outobiografie 'n ryk bron oor die Afrikaanse politieke en kultuurlewe teen die eeuwending te wees. In hierdie opsig is sy herinneringe teleurstellend, want soos so baie Afrikaanse outobiograwe is hy ook geneig om bloot in anekdotes en staaltjies te bly steek, sonder om nuwe lig op belangrike of omstrede sake te werp.

Die waarde van 'n outobiografie is daarin geleë dat dit, eerstens, insig bied in die skrywer se persoonlikheid en ideale en, tweedens, die tyd en omstandighede belig waarin die figuur hom bevind het. Reitz se outobiografie slaag in die eerste opsig: dit toon hom as 'n vasberade leier wat hom deurgaans vir die Afrikaner se selfbeskikkingsreg beywer het. Eng en onverdraagsaam was hy egter nie, soos blyk uit sy waardering vir die Britte se trots op eiegoed. In die tweede opsig faal hierdie geskrif egter, want dit bevat weinig nuwe of opsienbare inligting oor die ontwikkeling van die Oranje-Vrystaat, die Suid-Afrikaanse Republiek, die Anglo-Boereoorlog en Uniewording. Reitz se verhaal is trouens so yl dat die redakteur dit met breedvoerige aantekeninge moes aanvul. Boonop begaan hy ongelooflike foute wat noukeurig deur die redakteur reggestel word. 'n Mens kan nie anders nie as om tot die slotsom te kom dat die redakteur veel meer van Reitz se lewe af weet as die outobiograaf self. Daarom is J.C. Moll se studie oor Reitz, "Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat", wat onlangs in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, verskyn het, die aangewese werk vir diegene wat in dié faset van Reitz se lewe belangstel.

Die bloemlesing bevat gedigte en rympies wat literêr weinig om die lyf het. Kultuurhistories is hulle egter van belang, omdat belangrike gebeurtenisse uit die tyd daarin neerslag gevind het, en deurdat hulle 'n aanduiding bied van die wyse waarop skrywers met vroeë Afrikaans geëksperimenteer het in 'n stadium toe die Afrikaner nog op soek was na 'n vaste skryftaal. Oor die algemeen is die verse simptome van die laat-negentiende-eeuse verskynsel: hulle handel oor die vaderland, die Afrikaanse taal, die godsdiens, die familielewe, die lewe van die gewone burger of die boer en die Afrikaanse folklore. Dit is ook duidelik dat die verse en rympies met 'n bepaalde doel geskryf is: hulle moes die lesers oproep tot die stryd vir hulle regte, hulle stig, leer en vermaak. Om dié rede het die meeste pogings bly vassteek in die aktualiteit of die geleentheid waaroor dit gaan. Slegs enkele van Reitz se eie verse, soos "Klaas Geswind en sijn pèrd" en "Die steweltjies van Sannie", word vandag nog onthou.

Hierdie boek roep weer 'n belangrike kultuurleier in herinnering, maar dit is te betwyfel of dit die navorsers iets nuuts bied.

J.T. DU BRUYN
Universiteit van Suid-Afrika

F.A. VAN JAARSVELD, *Omsingelde Afrikanerdom*. H.A.U.M., Pretoria en Kaapstad, 1978, 272 pp., R7,95.

Die boek is 'n bundel essays wat sedert Januarie 1977 in die Pretoriase middagblad *Hoofstad* verskyn het in die weeklikse rubriek "Soeklig op die Afrikaner", waarby gevoeg is die referaat gelewer deur prof. Van Jaarsveld voor die Somerskool van die Universiteit van Kaapstad in Januarie 1977, "Die Afrikaner, 'n geskiedkundige analise."

Soos die titel aandui het die stukke ontstaan uit die besef van die krisisituasie waarin die Afrikaner hom in die laat sewentigerjare bevind. Dit is geskryf om die Afrikaner meer van homself te wete te laat kom. So 'n selfkennis kan alleen bereik word deur distansiëring van homself. Daarom word die siening wat andere van die Afrikaner het — die Engelssprekendes en die Swartmense in Suid-Afrika, die Weste, d.i. Amerikaners en Britte, Swart Afrika en Nederland, stamland van die Afrikaners — telkens geplaas naas die selfbeeld van die Afrikaner soos veral in sy geskiedenisiening geopenbaar.

Hoewel die opstelle dus wesenlik op die eietydse omsingelde Afrikanerdom se situasie kommentaar lewer, is die historiese perspektief dwarsdeur bygebring. Dié stukke kom inderdaad slegs deur 'n historikus geskryf gewees het. Dit beteken egter nie dat daar van 'n versterkte geskiedbeeld gebruik gemaak word nie. Intendeel, die skrywer wys telkens op die veranderde hede wat ook verandering in die geskiedbeeld gebring het. Die perspektiewe waarin die geskiedenis gesien is, het ongeldig geword en die waardestelsel waarop die ou geskiedenisbeeld gegrond was, is besig om te verander (p. 241). Daarom sê die skrywer dan ook aan die einde van die eerste afdeling: "Moontlik sal (die Afrikaner) moet afskeid neem van sy soort geskiedenis tot hiertoe ..." (p. 22); en verder: "In die ou geskiedbeeld van die Afrikaner het reeds nuwe elemente verskyn, of liewer oues in nuwe gedaante. 'n Nuwe sintese van hede en verlede is besig om vorm aan te neem." (pp. 242-3). Die omstrede hede en toekoms het ook veroorsaak dat die verlede omstrede geword het. Die afleiding word gemaak dat daar 'n breuk met die verlede sal moet kom en dat die "grondslae van opvattinge wat nie langer vir skeppende en snelle politieke handeling toereikend is nie," bevraagteken moet word. Hieroor sê die skrywer verder: "'n Radikale breuk met die verlede, 'n afskeid, word soms deur magte van buite afgedwing waaroor die mens nie meer beheer het nie ..." Hierdie woorde herinner sterk aan die posisie van Blanke Rhodesië van wie een van die leiers, minister Rowan Cronje ('n Afrikaner) erken het: die politieke formules in die huidige Rhodesië stem nie met sy eie politieke filosofie ooreen nie, maar was noodsaaklik in die lig van die *feitelike situasie* wat deur snel veranderde omstandighede op Rhodesië afgedwing is.

In die essays word die opvattinge van die Afrikaner oor 'n hele reeks aangeleenthede in oënskou geneem: gelykstelling, sy verhouding met die Kleurling, diskriminasie, uitverkorenheid, volksbegrip, heldeverering, verhouding met Engelssprekendes, sy ordeningstaak, die stemregkwessie. Telkens word die lyn deurgetrek van die geskiedenis tot die hede en word die ewolusie van hierdie opvattinge onder veranderende omstandighede aangetoon.

In dié proses word insiggewende parallele getrek. Die huidige bedreigde posisie van die Afrikanerdom word vergelyk met dié voor die Tweede Vryheidsoorlog. Die merkwaardige ooreenkomste in die gees en stemming van die twee situasies word aangetoon en die reaksie van die Afrikaners in die 1890's ontleed. Die *Derde Vryheidsoorlog* waarvoor die Afrikaner te staan gekom het, word pertinent genoem (vgl. afdeling X) en die ontoereikende pogings van die Kruger-bewind om die situasie te hanteer en te ontloot onder oë gesien. Soos in die 1890's is stemreg die groot eis wat van buite gestel word, hierdie keer vir die Swartmense, of "Swart Uitlanders" i.p.v. "Blanke Uitlanders". Sou die huidige pogings van die Afrikaner om op die basis van "veelvolkigheid" 'n oplossing te vind nie slaag nie, sou daar vir Suid-Afrika weer 'n stryd soos in 1899—1902 wag (p. 189).

Om te sê dat die temas van die opstelle aktueel is, sou 'n onderskatting wees. In hierdie verband hoef slegs een voorbeeld genoem te word: In die opstel oor Afrikanervolksleiers word die rol van leiersfigure in die volksleue en hul eienskappe beskryf. Paul Kruger word as tipiese volksleier geneem: hy was volks- en nasionale leier, kultuurleier, priester en profeet; die verpersoonliking van nasionale waardes. Hierdie beeld van die volksleier is veral vir die huidige Suid-Afrika belangrik, noudat daar juis 'n vertrouenskrisis m.b.t. sy politieke leiers ontstaan het.

Omdat die essays aktueel is, word soms menings uitgespreek wat nie algemeen byval sal vind nie. S6 bv. het die uitspraak in die Kaapstadse referaat dat "die Afrikaner se apartheidsbeleid soos dit in 1948 gekonspieer is, tans die einde van die pad bereik het", (p. 22) reeds reaksie uitgelok. Ander omstrede stellings is dié oor geestesonvryheid in Suid-Afrika wat met Rusland vergelyk word (p. 88), en dié oor die onvermoë van die huidige regering om die nuwe situasie bevredigend te hanteer, soos wat die Kruger-regering onbevoeg was om die Uitlandervraagstuk op te los (p. 203).

Daar is egter elemente van waarheid in al hierdie stellings, en selfs al sou 'n mens nie daarmee saamstem nie, is daar nog soveel prikkelende gedagtes in die essays dat dit met vrug gelees kan word deur enigeen wat daadwerklik betrokke is by die voortbestaan van die Afrikaner en die Blanke beskawing in Suid-Afrika. Die opstelle vervul inderdaad in 'n behoefte omdat dit die Afrikaner bewus maak van die geesteskrisis waarin hy hom bevind: dit vervul dus 'n opvoedingstaak wat noodsaaklik is, omdat baie Afrikaners die krisis aanvoel maar hul gevoelens en gedagtes nie maklik kan verwoord nie.

J. VAN DER BYL (samesteller), *Die Familie Roux*, ix + 328 pp., en H.P. KOTZÉ, (samesteller), *Geslagregister van Theunis Johannes Kotzee en Maria Gloudina Louw*, xix + 127 pp. Albei R.G.N., Pretoria, 1978.

Hierdie twee publikasies vorm dele 7 en 8 van die Genealogiereeks van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Die Genealogiese afdeling het beslis nie gras onder sy voete laat groei nie en die twee publikasies volg kort op die hakke van dele 5 en 6 'n jaar tevore. Die opstellers van geen een van hierdie geslagregisters het die publikasie daarvan beleef nie.

Die *Geslagregister van Theunis J. Kotzee en Maria G. Louw*, behandel die lotgevalle van die Kotzegezin wat ná die Groot Trek na Wes-Transvaal verhuis waar 'n tak van die bekende Kaapse familie toe wortel geskiet het. Die egpaar se jongste seun kom in besit van die geskiedkundige plaas Ratzegaaiskraal, wes van die huidige Ventersdorp wat vandag nog deur die nageslag bewoon word.

Van die bekendste nakomelinge is dr. A.L. Kotzé, huidige President van die R.G.N., en Carel Olén na wie die sportstadium Olénpark op Potchefstroom vernoem is. Die register is aangevul deur middel van 35 foto's, 'n foto-register, registers van Kotzees en ander vanne, en 'n kaart van die plaas Ratzegaaiskraal en omgewing.

Die Familie Roux het 'n meer gedugte taak behels omdat dit so 'n omvangryke familie se geskiedenis moes daarstel. Die familie het baie predikante opgelewer onder wie die bekendste seker ds. Paul Hendrik Roux van Senekal was, die latere veldprediker en veggeneraal in die Anglo-Boereoorlog na wie die dorpie Paul Roux in die Vrystaat vernoem is. Waarskynlik die bekendste lewende lid van die familie is dr. Ampie Roux, President van die Raad op Atoomkrag. Dié publikasie bevat 57 foto's.

D.H. HEYDENRYCH
Universiteit van Pretoria

J.D. FAGE, *An Atlas of African History*, Maps drawn by Maureen Verity, Edward Arnold, London, 1978, R7,62.

This atlas is such an indispensable companion to the student and teacher of African history that this second edition is most welcome. That it is now also available in paperback makes it even more accessible to students. As the author indicates in the foreword the first edition of 1958 appeared when the process of decolonisation had only started and in the twenty years since then virtually the whole continent has become independent. Consequently the atlas had to be updated by including maps showing independent Africa in 1976 (No. 71), and the pattern of alien rule in Africa in 1965 (No. 60), while many name changes since independence had to be shown.

In addition to this change in the political status of African states since the 1958 edition, there has also been a tremendous increase in the knowledge of the African past — both historical and archaeological. There are, therefore, several additional maps on the pre-colonial period. These include maps showing the Language Families of Africa, The Peopling of the southern half of Africa, The Peopling of Southern Africa, Africa and the Ancient World, The East African Coast and South-East Africa IXth century' to A.D. 1500, The East African Interior XVth to XVIIth centuries, etc. Details have also, in the light of new information, been altered. Thus the map showing the Trade Routes of Northern Africa, Xth to XVIIIth centuries (entitled in the previous edition: Relations between North Africa and the Sudan during the Era of the Great Camel Caravans, Vth to XVIIIth centuries) contains several alterations of the caravan routes and shows much more clearly than previously the convergence of these routes in the western Sudan on the ancient state of Ghana.

A welcome change is the use of a different kind of shading to show altitude. In the previous edition the topography was indicated in a less distinctive shading which was often not readily discernible from other information.

As far as South African history is concerned some of the shortcomings of the previous edition have unfortunately been transferred to this one. Thus in the map No. 46: Frontier Changes in South-East Africa in the 19th Century, one still finds that the dates of the Orange River Sovereignty are given as 1846 to 1854 instead of 1848 to 1854, while the date of the British annexation of Natal is given as 1844 instead of 1843. One would also have liked to have seen the dates of the annexation of Basutoland, the establishment of the New Republic, etc., mentioned, as well as the tributaries of the Vaal River, the Wilge and the Klip Rivers, over which a boundary dispute between the two republics raged from 1854 tot 1870. It is also a pity that in this map no shading was used to show the topography.

A very useful addition in this new edition is the appendix in which some post-colonial name changes are given. However, the author is one step ahead of history when he gives the modern African equivalent of South West Africa as Namibia. This name which is used by the outside world has yet to be officially adopted by the inhabitants of the territory.

Whatever the shortcomings of this atlas it still remains a tremendously important aid in the study of African history from earliest times to the 1970's.

D.H. HEYDENRYCH
University of Pretoria